

!Xaus is 'n hartsaak



Die gemsbok is een van die vele boksoorte wat in die Kgalagadi voorkom en is baie goed toegerus om in die droë wêreld te oorleef. | FOTO: MARGARET MENTZ

Margaret Mentz

!Xaus beteken "hart" in die Nama-taal en is as 'n naam vir !Xaus Lodge deur 'n groep Boesmans voorgestel. Dit is later as amptelike naam deur verteenwoordigers van die Khomani San- en Miergemeenskappe bevestig.

Ek moet egter net daarop wys dat die Khomani Sannemense nie as Khoi-San bekend wil staan nie, en hulle het my vinnig op my plek gesit deur daarop aan te dring dat hulle Boesmans is.

Die naam (!Xaus) is betekenisvol aangesien dit die herstel van verhoudings en die herstel van waardigheid simboliseer. Dit dui ook die aspirasies van hierdie gemeenskappe aan wat na baie jare die eenaars van die lodge en die grond waarop dit geleë is, geword het.

Die lodge het 'n uitsig oor 'n groot soutpan met 'n kenmerkende hartvorm in die noordwestelike hoek.

Die uitroepteken (!) voor die naam is 'n verhemelte kliek in die Nama-taal en dié wat die tongklap nie kan bemeester nie, kan die uitspraak Kaus gebruik.



Ek en my kollega, Corlet Grobler, het lank uitgesien

na ons besoek aan die Kgalagadi-oorgrenspark in die Noord-Kaap (lees ook storie op bl.15).

En met goeie rede.

Die Noord-Kaap is die een provinsie wat vir my soos 'n ongekende, eksotiese dis is.

Maar wanneer jy dit – 'n mengelmoes van geure – die eerste keer proe, kry jy 'n onversadigbaarheid wat soos 'n ondiër op sy volgende *fix* wag. Die landskappe wat oopgestrek in die son brand, met horisone wat strek tot waar die oog nie meer kan sien nie, die vriendelike van die mense en ... die pragtige tongval van Afrikaans, is vir my 'n volslae betowering.

DIÉ WEEK BY PENTRAVEL

LEKKER BY DIE SEE...

Los jou beursie by die huis!



Hoekom kies om alles in te sluit? As alles ingesluit is, is daar geen versteekte onkoste nie!

ONS SEEVAKANSIES SLUIT IN: Retoervlugte van Johannesburg en tersaaklike belasting, retoer-lughawependelvervoer, 7 nagte by die oord van jou keuse, alle etes en uitgesoekte drankies.

Mauritius vanaf R16 510

Die 4-ster Le Mauricia Hotel in die hartjie van Grand Baie, ideaal vir besige gesinne en paartjies!

BONUS: Gratis nag, kinders bly gratis, plus 10% afslag met ons vroeë-bespreking-aanbod - vra ons!

Geldig: vasgestelde vertrekdatums in Des '11



Kenia vanaf R10 399

Sandies Coconut Village in die Malindi Marine Park is 'n 4-ster-oord wat alles insluit, ideaal vir gesinne en jong paartjies.

OPSIONELE EKSTRAS: Duikuitstappies, PADI-duikkursusse, seil en seilplankry.

Geldig: 12 Sep – 22 Des '11



Bali vanaf R14 365

Die 4-ster Aston Bali het direkte toegang tot die strand – uitstekende waarde vir paartjies en gesinne!

BONUS: Vermaak, Balinese-dans PLUS interne sportaktiwiteite soos strandvlugbal en tafeltennis.

Geldig: 15 Jan – 31 Mar '12



Phuket vanaf R16 125

Club Med Phuket is geleë in Kata Bay onder palmbome langs loutwarm seewater.

BONUS: Bespreek en betaal teen 2 Nov '11 en bespaar tot R2 000 per persoon!

Geldig: 16 Jan – 28 Feb '12



OP PAD NA BALI OF PHUKET? Bly gerus oor in Kuala Lumpur vanaf slegs R979, insluitend twee nagte se verblyf by die 3½-ster Dorsett Regency Hotel! **SKAKEL ONS OM MEER UIT TE VIND...**

0861 770 770
www.pentavel.com

pentavel

Gebruik altyd 'n ASATA-geakkrediteerde agent. Pentavel beveel Chartis-reisversekering aan.

Wat jy behoort te weet: Bepalings en voorwaardes geld vir al hierdie vakansies en is beskikbaar op ons webwerf. Pryse kan verander, is onderhewig aan beskikbaarheid en wisselkoersveranderings. Individuele reisagente se bepalings en voorwaardes geld. BFW.

Leeu is my ryperd

'n oorvertelling deur oom Gert Swartz

Jy sien, Jakkals het besluit hy gaan met Leeu die gek skeer. Hy kry vir Leeu se vrou langs die pad en sê: "Mev. Leeu, het jy geweet dat Koning Leeu my ryperd is?" Mev. Leeu kyk Jakkals verstom aan. "Jakkals, Leeu sal dit nooit toelaat nie, hoe dink jy gaan jy nogal op sy rug gery kry?"

"Wag maar en sien," sê Jakkals en draf vinnig huis toe. Die storie versprei soos 'n veldbrand. Leeu is woedend en storm al brullend na Jakkals se huis toe.

In die verte sien Jakkals vir Leeu, en spring vinnig in sy kooi. "Vrou," sê Jakkals, "sê vir Koning Leeu ek is siek." Leeu storm by Jakkals se huis in en kyk woedend rond. "Waar's hy?" vra Leeu. "Ag Koning Leeu, hy lê in die kooi en is baie siek," sê Jakkals se vrou.

"Oeee eina, ai toggie, eina, eina," steun en kreun Jakkals. "My maag, oeeee, my maag, eina..."

"Wat's fout Jakkals, hoekom kreun jy dan so," vra Leeu. "En vir wat vertel jy vir my vrou dat ek nie leeu-genoeg is nie en dat jy my jou ryperd gaan maak?" vra Leeu kwaad.

"Nee Koning Leeu, ek is seker sy moes my verkeerd verstaan het, maar as jy my 'n kans gee sal ek alles met haar gaan regmaak. Ongelukkig pyn my maag, en ek sal nie tot by jou huis kan loop nie. Dink jy jy sal my kan abba?" vra Jakkals. Leeu dink 'n bietjie na en besluit dan: "Ja Jakkals, klim maar op, ek sal jou abba en dan vertel jy die waarheid vir my vrou." Jakkals gryp sy saaltjie en lat en spring op Leeu se rug. "Vir wat het jy 'n lat no-



Oom Gert | FOTO: MARGARET MENTZ

dig, Jakkals?" vra Leeu.

"Ag ek wil maar net die vliegies wegjae, Leeu." En daar trek die twee. Jakkals slat met sy latjie, dán op die linkerboud van Leeu en dán op die regterboud. Hy maak Leeu lekker warm en Leeu storm verwoed voort.

"Nee maggies Jakkals, wat maak jy? Hoekom slat jy my?"

"Ag Leeu, die vliegies, hulle pla my. Die vliegies is 'n ergenis." En dan slat Jakkals dié kant en dan daai kant, swiep-swiep slat hy vir Leeu op sy boude.

En so met 'n laaste slat en in die hardloop, gryp Jakkals sy saaltjie en spring voor Leeu se huis van sy rug af. Leeu storm voort, verby sy eie huis. Jakkals giggel te lekker en sê: "Jy sien, mev. Leeu," sê Jakkals, "ek het mos vir jou gesê dat ek Leeu my ryperd gaan maak."

En dis hoekom, tot vandag toe, Jakkals oor sy skouer loer elke keer as hy deur die lang gras hardloop, want hy's bang Leeu kom kry hom terug.